MR BIZOS : I am not unmindful of the point. Assume for a moment that there is a continuous quarrel between two farmers in relation to the fence and a statement is taken for the purposes of laying a complaint against the farmer in terms of the Fencing Act, but he decides in the interest of good neighbourliness I will drop it this time, but then this man comes with his pair of pliers three years later and he does it again, then a charge is laid that my neighbour damaged my fence in 1983 and in 1986. Then he goes into the witness-box and says well - produces the statement of 1983. I (10) think that he would still claim privilege because it is a continuous - he lays the previous one that this is a bad neighbour, that it was not an accidental thing or something like that. So, it is part of that, but the situation that we have here that it was never really contemplated that Moselane should be prosecuted in relation to those matters. That is not the reason why those statements were made. That prosecution had nothing to do with this prosecution. That is really the difference insofar as - a matter which is completely apart. So, that - there was a very fair conces- (20) sion by My Learned Friend, Mr Hanekom, that it did not form part of their papers. What happens is that this is a bit of contemporaneous happening which we could have - we can test it in this way. If we had issued a subpoena duces tecum if the officer did not say anything to the State and he came along with a docket and he went into the witness-box. The only issue that would have been, is this a case which has been wrapped up or not and on that basis we would most certainly have been entitled to it. The mere fact that the State got it and that we did not get it, cannot make any (30)

difference/...

difference, so that if - I understood by clear implication that the procedure has been sanctioned by our colleagues for the State, that this is, rather than getting the station commander away from the station, the proper way to do it in order to short-cut the procedure. I submit that we are clearly entitled to it.

HOF : Mnr. Hanekom, het u enige beswaar daarteen dat ek hierdie saak beslis op die basis asof die hoof van die stasie hier was, want as hy gesubpoena word om hiernatoe te kom, sal ons presies dieselfde besware kry? Of dieselfde betoog? (10)

MNR. HANEKOM : Nee, ek het nie beswaar nie. Met u verloff is daar net nog een aspek wat ek onder u aandag wil bring wat my netnou ontgaan het.

HOF : Ja.

MNR. HANEKOM : Dit is mnr. Bizos se submissie dat h mens van die veronderstelling moet uitgaan dat h dagvaarding duces tecum uitgereik is. Dit is my submissie dat h mens nie met so h veronderstelling hier moet werk nie, want die feit van die saak is, so h dagvaarding is nie uitgereik nie en die situasie wat ons nou het is dat die verklarings nou(20) tydens die verhoor geëis word en ons opper nou privilegie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Kyk, ek kan eenvoudig h tegniese punt neem hier en sê wel, ek sal die saak beslis wanneer daar h subpoena duces tecum is. Dit is tegnies. Dit beteken net eenvoudig daar word een uitgereik na die stasiehoof en hy kom hier en hy kom sê wel, hier is die lêer en dan begin ons weer voor met die debat. Dit is tegnies.

MNR. HANEKOM : Die punt wat ek wil maak is dat daar ander oorwegings geld waar die situasie soos nou is en wanneer h(30) dagvaarding/...

dagvaarding uitgereik is. U Edele sal dit sien in die beslissing van R v STEYN wat ek reeds gemeld het en in die saak het die geleerde appèlregter juis onderskeid getref tussen die twee situasies en ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wat sê u is die huidige situasie wat ek in ag moet neem? Waarvan verskil dit?

MNR. HANEKOM : In R v STEYN word dit taamlik volledig uiteengesit, maar dit kom daarop neer dat daar geld ander oorwegings wanneer h dagvaarding voor die verhoor uitgereik word vir blootlegging as wanneer die verhoor reeds aan die gang is. (10)

HOF : Wat is die verskil?

MNR. HANEKOM : Op bladsy 332 sê GREENBERG, A.R.

"The matter in issue in ANDERSON's case (supra) was one of discovery. That is a disclosure before trial and the position was similar in the other two cases cited by BEEDLE, J. (dan noem hy die sake) In all these cases disclosure was sought before the trial, whereas in the present case it was after the evidence had been given, but the point I am considering at the moment is whether a privilege exists apart from the professional privilege between legal adviser and client." (20)

HOF : Mnr. Bizos het begin deur te sê ons sukkel nou al maande en maande om die lêer te kry en ons kan dit nie kry nie, omdat niemand vir ons die gegewens kan gee wat die nommer van daardie lêer is nie. Dus kan ons die dagvaarding nie uitreik nie. Is dit nou korrek om te sê ja, die manne het nou klaar getuig?

MNR. HANEKOM : Nee, ek moet met respek saamstem dit raak dalk te tegnies om dit so te onderskei, maar my enigste submitisie is dat U Edele u net sal vergewis van die (30) onderskeid/...

onderskeid wat daar wel is.

HOF : Nee, ek wil van u weet wat sê u presies is die onderskeid?

MNR. HANEKOM : Al wat ek uit STEYN se saak kry is dat GREENBERG, A.R. verwys na die sake wat gaan oor blootlegging voor die tyd en dan bespreek hy hulle nie verder nie. Dan sê hy hier geld ander oorwegings en ek kyk nie nou daarna nie. Ek kyk nou of daar nou 'n privilegie bestaan op hierdie stadium en ek kyk nie wat sou die posisie wees as blootlegging gevra was voor die tyd nie. So, hy tref 'n besliste (10) onderskeid. Hy sê :

"The question ultimately depends on whether in principle such statements are privileged. I have already mentioned the classes of privilege referred to in the decided case and textbooks and generally speaking they do not deal with the privilege accorded to documents or information prepared or collected for the purpose of presenting evidence in a law suit when a privilege cannot be claimed under the heading of communications between a legal adviser and his client." (20)

Maar dan sê hy :

"In fortification of the view that an accused person is not entitled at any stage during the trial to disclosure of the statements made by witnesses to the representatives of the crown is the fact that as far as my knowledge goes of the practice in the Union, this right has never been recognised at any rate before the decision in R v A."

R v A het hy onderskei, want in R v A is die verklaring met toestemming gegee. Dit was nie geopponeer nie. (30)

Hy/...

Hy sê oor R v A :

"In R v A it was held that the crown is obliged to produce statements of the same character as those in the present case and called for in the same circumstances, but unfortunately the question of privilege does not appear to have been argued at all and was disposed of without any reason having been given."

Dit is al wat ek U Edele se aandag op wou vestig.

MR BIZOS : May I just give Your Lordship the answer, what I believe to be the answer to this point. (10)

COURT : As long as it does not lead to a further answer.

MR BIZOS : What GREENBERG, J. was really dealing with there was that they had to overall RAMSBOTTOM, J. who had held in R v H that the privilege to witness's statements did not apply to statements taken by the State or the crown as it was known that day. R v H 1952 (4) SA 344 (T) at 348. That was really the reason why there were these questions of disclosure and there is one aspect which I am asking Your Lordship to do. In order to avoid any difficulties in the future, may I ask for an interim order of sorts that these (20) statements and the docket be handed over to Your Lordship's registrar pending Your Lordship's decision, if Your Lordship is not going to give a decision right away.

COURT : I am not in a position to give a decision at the moment.

MR BIZOS : Or to make a request that this should be - that Your Lordship's registrar should become the trustee or guardian or custodian of the .. (Court intervenes)

COURT : So, eventually the order will have to be issued against my registrar? (30)

MR BIZOS/...



MR BIZOS : No, a request will do to Your Lordship's registrar rather than an order.

HOF : Enige beswaar, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : As ons blykbaar nie vertrou word nie, sal ek hom sommer nou oorhandig.

MR BIZOS : No, it is not a question of that, but in order to avoid any difficulties.

HOF : Dit word net op rekord geplaas dat die dossier nou in besit is van my griffier. Die uitspraak word voorbehou.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder (10)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ek wil net voor ons begin vir jou vra, die vergadering op 26 Augustus, hoe laat het dit begin? -- Om en by 14h00.

En hoe laat het dit geëindig? -- Om 15h15 of 15h30. Ek is nie seker presies hoe laat nie.

14h00 is namiddag, 15h15 is namiddag en 15h30 is ook namiddag? -- Ja.

'n Ander aspek wat ek net wil afhandel voordat ons met die werklike kruisondervraging aangaan. Ek het hierso 'n - ek glo nie dit was ingehandig nie. Dit was net deur mnr. (20) Bizos aan ons beskikbaar gestel, die teks.

HOF : Die oorspronklike teks in Tswana of Sotho?

MNR. JACOBS : Dit is reg. Hy was nog nooit ingehandig nie. Dit is net een wat aan ons beskikbaar gestel is deur die verdediging.

MR BIZOS : Could we name it V31(a) because they go together.

COURT : We can do that. Wat is die taal wat daar gebesig word?

MNR. JACOBS : Ek kan ongelukkig nie help nie. Miskien kan ek vir die getuie vra as ek net die kopie kan kry. (30)

HOF/...

HOF : Tswana?

MNR. JACOBS : Ek neem aan dit is Tswana.

HOF : Vra net n vraag wat is die taal wat gebesig is by die vergadering?

MNR. JACOBS : Watter taal het u gepraat op die vergadering?

-- Tswana en Sotho.

HOF : En dit gaan in by ooreenkoms?

MR BIZOS : That is so.

HOF : Sonder n erkenning dat dit korrek is. Bloot as die dokument wat u beskikbaar gestel het van die teks. (10)

MNR. JACOBS : Ek wil hê jy moet kyk na bladsy 10 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net n oomblik. Dit sal V31(a) wees.

MNR. JACOBS : Ek wil hê jy moet kyk na bladsy 10 die sesde reëltjie van onder af. U het alreeds vir ons daardie laaste deel van die sin "A di A tja hake Nataba hase tsaka" vir ons vertaal. Kan u net vir ons sê daardie sinnetjie voor daardie "A di tja", watter taal is dit wat daar gepraat word? Daardie "Mme he bese tseo ha di re thuse ka sepe", watter taal is dit? Lees dit self want my uitspraak is seker beroerd? --(20)  
Dit is Tswana.

Daardie sinnetjie wat ek nou gelees het tot by "ka sepe", wat is die betekenis van daardie sin?

HOF : Wil u n vertolking hê of n vertaling?

MNR. JACOBS : n Vertaling. Ek wil presies die betekenis hê soos dit hier staan. Kom ek maak dit vir jou makliker. Die vertaling daarvan, sal dit reg wees as ek sê die vertaling daarvan is "Therefore those buses are not helping us with anything" en daar eindig dit. -- Nee, as u nie die ander woorde daar inlees nie, dan is dit nie presies nie. (30)

HOF/...

K786

HOF : Die stelling is dus dit beteken "Therefore those buses are not helping us with anything." U sê dit is nie wat daar staan nie? U moet daardie V31 wegsit. Ons praat nou nie van V31 nie. Maak hom toe. Dit maak net die ding deurmekaar. Daardie sin waar ons mee besig is sê die aanklaer beteken "Therefore those buses are not helping is with anything." Sê u dit is verkeerd soos hy dit stel of is dit korrek soos hy dit stel?-- Nee, dit is nie korrek nie.

Wat presies staan daar in daardie Tswana woorde? -- Ongelukkig is dit nie in hierdie bevat nie, maar wat ek hier(10) sê is, terwyl ek met 'n ander persoon gepraat het wat iets aan my oorgedra het, dit wil sê met verwysing na wat die ander persoon gesê het, sê ek in herhaling - noem ek die sin soos dit daar staan.

Kan ek net van u duidelikheid kry, want u loop om die punt en ons gaan lank besig wees, maar hieroor moet duidelikheid kom. Die sinnetjie waarmee ons besig is, is die vertaling daarvan heeltemal korrek in Engels "Therefore those buses are not helping us with anything", van daardie sinnetjie wat daar staan? -- Ja, dit is korrek, behalwe natuurlik dat(20) dit ook genoem moet word dat dit iemand anders is wat opmerkings maak oor wat 'n ander persoon gesê het.

Uit watter woorde haal u dit? -- Dit sal duidelik gemaak word deur die manier waarop ek praat prakties daar en die aanduiding wat ek maak met die handbeweging van my terwyl ek die woorde besig.

Bedoel u dan "Uit my stemtoon en uit my handgebare"? -- Ja.

Dus inderdaad, die vertaling wat ons gehad het, V31 was verkeerd in hierdie opsig? -- Ooglopend letterlik is (30)

dit/...

dit korrek. Soos ek alreeds gesê het, dit sal alleenlik bepaal word deur my stem en die gebare wat ek maak dat daar nou 'n verskil gaan kom aan die letterlike vertaling wat hier bevat word.

MNR. JACOBS : Ek wil dit net duidelik kry, het u die vertaling gedoen van hierdie transkripsie of nie? -- Bedoel u dat ek dit nou opgeskryf het en vertaal het?

Ja, vertaal het, soos hy hier verskyn? -- Ja, maar ek was nie alleen gewees nie.

HOF : Wie het u gehelp? -- Dit het ek gedoen met die hulp(10) van beskuldigde nr. 2 wat eintlik nie Sotho magtig is nie, maar dit was omdat hy by hierdie vergadering teenwoordig was, dat ek sy hulp gevra het. Ek het dus die hulp van Bavumile Vilakazi, beskuldigde nr. 10, ook gevra. Die rede daarvoor was dat hy 'n goeie kennis het van beide tale, naamlik Sotho en die taal waarin dit vertaal is.

MNR. JACOBS : En toe jy die vertaling gedoen het, het jy nie net spesifiek die letterlike woorde vertaal nie, maar jy het ander woorde daar ingesit wat u nou sê van stemtoon afgelei moes word en van handgebare? -- Nee, dit noem ek (20) hier in die hof omdat ek daarvan weet hoe ek gepraat het, hoe my stem daar beheer was en watter indruk gelaat is deur my stem en wat ek gedoen het terwyl ek praat.

Daardie deel het jy net ingesit "If they say". Dit het jy vertaal - die hele stemtoon en die houding van jou hande het jy gaan insit as 'n vertaling met "if they say"? -- Ja, dit is hoe ek dit verduidelik.

Jy sien, ek gaan hierdie ding afsluit met hierdie stelling aan jou dat op hierdie vergadering in hierdie woorde soos hulle hier gebesig is en wat hulle werklik beteken, (30)

het/...

het jy daar duidelik te kenne gegee en teenoor daardie mense wat daar in die vergadering na jou geluister het dat die verbranding van busse is nie iets wat baie ernstig beskou word deur jou nie, omdat hulle deel is van die onderdrukkers, die eienaars van die busse? -- Ek stem nie saam met die stelling nie, want as u nou verder kyk dan sê ek 'n persoon wat dit doen sal gearresteer word.

Ek wil teruggaan na die vergadering van 2 September 1984. Op daardie vergadering het beskuldigde nr. 2 die gehoor daarso toegespreek? -- Ek sal sê ja, maar nie 'n (10) toespraak nie. Wat hy gedoen het was om 'n resoluëie voor te stel.

En hierdie resoluëie, het hy hom gemotiveer en gesê ' hoekom hy die resoluëie voorstel, hoekom hy wil hê die mense moet dit aanvaar? -- Ek kan nie onthou nie. Al wat ek kan onthou in daardie opsig is dat hy net die resoluëie voorgestel het.

Kom laat ek jou gedagtes net 'n bietjie aanhelp en jou geheue 'n bietjie aanhelp. Hy het daarso gepraat spesifiek en gesê die resoluëie wat hy voorgestel het op daardie (20) vergadering dat daar 'n wegbly-aksie sou wees en dat daar gemarsjeer sou word na Houtkop op 3 September? -- Dit is nie wat hy gesê het nie. Al wat hy gesê het in sy voorstel was dat die persone wat nie werk toe sal gaan nie, sal kerk toe moet kom die volgende dag en daar kom vergader.

Ek stel dit aan jou dat hy verder gesê het hulle sal nie die huur betaal nie en toe het hy gesê "Mabafe"? -- Daar is geen waarheid in die hele stelling nie.

En die gehoor het baie emosioneel geraak daarna en hulle het sommer "Amandla" geskreeu daar? -- Dit is nie die (30)

waarheid/...

waarheid nie.

Het die mense geskreeu nadat hy sy mosie voorgestel het om instemming daarmee te gee? -- Dit wat ek alreeds genoem het aan die Hof as sy mosie wat hy voorgestel het, na hy dit gesluit het, het die gehoor mondelings gesê "Ja, ons stem", maar daar was geen geskreeuery gewees nie.

Onthou jy dat u het gesê daar is hoegenaamd geen rede gegee op die vergadering hoekom die mense die volgende dag 3 September in die kerk moet vergader nie. Is dit reg? -- Ja.

Is daar nie vir die mense daar op die vergadering gesê (10) "Kyk, julle moet die volgende dag na hierdie vergadering toe kom op 3 September en dan kyk julle wat gebeur na aanleiding van hierdie kennisgewings wat uitgegee is en of die mense wel wegbly van die werk af"? Is dit nie gesê nie? -- Nee, na aanleiding van wat Oupa, beskuldigde nr. 2, gesê het, is 'n vraag toe van die gehoor gevra of die gehoor daarmee saamstem, waarop die antwoord "Ja" was en dit was die einde.

Jy sien, ek wil aan jou stel wat hier aan getuie in camera 8 as 'n feit gestel was. Ek gaan vir jou lees uit volume 23 beginnende op bladsy 1 119. Die eerste wat ek gaan lees (20) is so in die middel van die bladsy waar daar staan "What I am putting to you is that there was no final decision taken at the meeting as to what the people present would do the next day." Dan wat verder gestel was hierso, die tweede laaste paragraaf "I am going to put to you that what was said at the meeting was that the people should wait and see. If people did in fact stay away from work the next day as a result of the distribution of pamphlets such as AN15(ii), those who wanted to, should come and gather at the church the next morning." Sê u dan dat hierdie stelling wat ek nou aan u (30)

gelees/...

gelees het is totaal verkeerd? -- Ek sê nie dit is verkeerd nie.

Was dit dan aan die mense gesê? U sal onthou ek het dit netnou vir u gevra. -- Ek kan nie onthou dat ek wel so gesê het nie, maar wat ek wel vir die Hof kan sê is dat na aanleiding van wat beskuldigde nr. 2 gesê het, is daar 'n vraag gestel aan die gehoor waarop die gehoor gereageer het. Ek kan my nie voorstel of daar enigiemand anders was wat dit dan so gestel het soos dit aan my gestel word nie.

Ek wil nog verder gaan en ook bladsy 1 120 aan jou (10) lees. Daar staan "Mr Bizos: In order to decide what action they are going to take, to add their voices against the increased rentals, I will put specifically that some of the action that were contemplated." Dit saam met bladsy 1 131 waar dit die heel duidelikste uitkom "I want further to put to you that it was in order to decide what should happen collectively at Sharpeville that the meeting for Monday, the 23rd was called." Dit is die laaste paragraaf van onder af. -- Ek stem volkome saam met daardie stelling, want as dit gesê word byvoorbeeld vandag dat ons nou môre (20) weer bymekaar moet kom of vergader, beteken dit net een ding en dit is dat ons môre sal sien wat gebeur. Dus daar is niks verkeerd as 'n mens sê dat daar mense bymekaar gekom het met die oog daarop om te sien wat gebeur daar nie.

Was dit aan die mense daar gesê op die vergadering "Kyk, julle moet môre bymekaar kom dat ons kan sien wat gebeur omtrent hierdie 'stay-away'"? -- Ek het gesê nee, die rede was omdat daar geen resoluë geneem was deur enige van hierdie vergaderings wat gehou was dat daar enige wegbly-aksie gaan wees op hierdie dag nie.

(30)

Wat/...

Wat sê jy van die verdere stelling dat die vergadering op die 3de was spesifiek bymekaar geroep voordat daar op die 3de op 'n gemeenskaplike basis, 'n produktiewe basis besluit sou word wat se aksie in Sharpeville moet wees op die 3de? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie. Dit was nie gesê nie, want ek sal u sê "We had this as a tentative coming together" want ons het in gedagte gehad dat ons die volgende Sondag, as ek reg is wat die 9de gaan wees, nog 'n vergadering gaan hou.

As dit aan hierdie getuie IC.8 so gestel was, in die(10) eerste instansie dat daar aan die gehoor gesê was dat hulle die volgende dag daar moet vergader en kyk wat gebeur omtrent die wegbly-aksie en daarna besluite te neem, jy sê dit het nie gebeur nie, kan jy dan vir die Hof 'n verduideliking gee, waar kom dit vandaan dat dit aan hierdie getuie gestel was? -- Ek onthou nie dat daar so iets aan die gehoor oorgedra was by hierdie vergadering nie. Wat ek wel kan sê is dat Oupa, het 'n voorstel gemaak, welke voorstel later aanvaar was as 'n resoluëie van die vergadering en verder, daar was toe melding gemaak van hierdie pamflet. (20)

Vind jy dit nie baie eienaardig dat jy nou op hierdie stadium vandag so baie dinge nou skielik nie onthou nie? -- Nee, dit is omdat hierdie gebeure waarvan ons nou hier praat het twee en 'n half jaar gelede plaasgevind.

En ek wil dit aan jou stel dat hierdie inligting moes ten minste van jou af ook gekom het want mnr. Bizos is 'n te ervare advokaat om dinge hier in die hof te stel wat nie so is nie en dat jy besig is om jou storie elke keer te verander soos dit jou pas? -- Nee, dit is nie so nie, maar u moet my verstaan, ek sê nie dat mnr. Bizos nie 'n ervare advokaat(30)

is/...



is nie. Wat ek nie mee saamstem nie is dat u sê ek is besig om leuens te vertel. Dit is nie korrek nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ek stel dit aan jou dat jy jou getuienis heeltemal verander omdat jy nou besef daar was besluite geneem op 2 September 1984 oor watter aksie op 3 September geneem gaan word? -- Nee, ek het nie my getuienis verander nie. (10)

Kan jy miskien vir die Hof duidelikheid gee waarna verwys word as daar gesê word en waar ek vir jou gelees het op bladsy 1 131 dat daar besluit moet word "in order to decide what should happen collectively in Sharpeville? "Collectively" met wie? Kan jy dit vir die Hof verduidelik? -- Dit is die vergadering van die 3de, indien daar mense was wat die vergadering bygewoon het.

Maar wat sou besluit moes word wat "collectively" geëen moes word in Sharpeville? -- Ek kan nie vir die Hof sê wat die besluit sou wees nie, want daar was net nie h(20) vergadering gewees nie. Ons was nie bymekaar daar gewees nie.

Daar is net een aspek nog van hierdie vergadering wat ek met jou wil behandel. Jy het vir hierdie Hof gesê dat die ad hoc komitee het niks te doen gehad met hierdie vergadering van 2 September 1984 nie, maar dit was h besluit van die vergadering op 26 Augustus 1984 dat so h vergadering gehou moes word? -- Waar ek sê niks was gedoen of gereël deur die ad hoc komitee, naamlik myself en my helpers, bedoel ek dat daar geen pamflette gedruk was of versprei (30)

is/...

is met die oog op aankondiging van hierdie vergadering nie.

Jy sien, ek wil net ook aan jou lees wat gestel was aan IC.8 op bladsy 1 114 van Volume 23. "Mr Bizos: I will put to him that this was a meeting of an ad hoc committee consisting of Father Moselane, accused no. 3, Mr Peter Hlubi and Miss Nozipo." Dan h entjie verder "Yes, My Lord. Closely connection with the church council of the church. What do you say to that?" -- Ja, dit is so.

So, was dit dan h vergadering van die ad hoc komitee wat op 2 September gehou was? -- Ja, in die sin dat dit (10) onder beheer van die kerkraad was.

En toe u dan vir mnr. Steyn gesê het dat u het niks te doen met daardie vergadering van die 2de nie, was dit eintlik nie heeltemal reg nie? -- Ek het die waarheid vertel. Ek het verduidelik wat ek daarby bedoel het.

Ek wil dan oorgaan met u na die gebeure van die 3de toe. Net voor ek dit doen wil ek net h algemene stelling aan u maak, dat die vergadering van die 2de was om reëlings te tref vir die gebeure op die 3de en dat julle sou deelneem aan die 3de se optog? -- Dit is nie die waarheid nie. Ter(20) verduideliking van my antwoord sal ek sê dat wat op die 3de sou plaasgevind het, het niks met my te doene gehad nie. Ek het geen deel daaraan gehad nie. Ek het alreeds gesê dat ek die vergadering van die sinode sou bygewoon het.

Is u seker dat die sinode het gesit op 3 September 1984? -- Ja. Indien die sinode nie gesit het nie, sou daar nie h brief gewees het wat die resoluëie bevat wat by die sinode aanvaar is nie.

Die sinodesitting, het dit nie begin op 5 September 1984 nie? -- Nee, die preliminêre voorbereidings was op die 3de (30) gedoen/...

gedoen en dit het begin sit op die 3de. Dit was op die 3de dat ons in die geselskap van die biskoppe daarvandaan vertrek het. Dit het toe voortgesit op die 4de en die 5de.

As dit ooit gestel was aan h getuie hier dat die sinode sou op die 5de begin het, dan is dit heeltemal verkeerd? -- Ja, dit is heeltemal verkeerd.

Die oggend van die 3de, het jy enige groepe mense gesien in die strate? -- Ja, by die bushaltes.

Wat het hulle gedoen daar by die bushaltes, die groepe persone? -- Dit is maar daaglik so dat daar klompe mense(10) is by die bushaltes wat daar rondstaan. Miskien wag hulle vir die busse of vir ander redes, maar daar is mense daar.

Hierdie betrokke oggend, die 3de, was daar meer groepe as gewoonlik? -- Nee, volgens my siening was dit maar net soos gewoonlik gewees, afhangende natuurlik ook hoe laat dit is.

Toe jy nou daardie oggend vroeg daar gegaan het, het daar busse geloop? -- Ek weet nie.

Jy het mos in die straat gery. Het daar busse gery? -- Die rit wat ek gevolg het, het ek geen busse gesien nie. (20)  
HOF : Watter rit praat u van? -- Op pad na Lekaote en terug huis toe, het ek geen bus raakgeloop nie. Dit kan wees as gevolg van die feit dat die busse alreeds verminder het as gevolg van die rooster om en by daardie tyd van Augustus teen 07h30, 08h00 se kant.

MNR. JACOBS : Die eerste keer toe jy by jou bushalte verbygegaan het van jou huis af, toe jy die oggend vroeg die eerste keer van jou huis af vertrek het naby die bushalte, hoe laat was dit gewees? -- Ek het nie by die bushalte verbygery nie. Ek het wel in die rigting van h bushalte (30)  
gery/...

gery. Net voor ek by die bushalte gekom het, het ek links afgedraai.

Kon jy die bushalte sien vanwaar jy links gedraai het?

HOF : Net voordat daardie vraag gestel word. Waar was dit?

-- Vuka.

By watter plek? -- In die nabyheid van Lekwa Shandu Skool.

MNR. JACOBS : Maar jy het nou daar links gedraai by hierdie skool en het jy by Seeisostraat aangesluit na jy links gedraai het? Voordat jy by Lekwa Shandu Skool gekom het, het jy op Seeisostraat gery? -- Ja, vir 'n kort ent. (10)

Ek wil eintlik uitvind waar het jy by Seeisostraat aangesluit vanaf jou huis? -- Dit is die nabyheid van die plek of die gedeelte van Seeisostraat waar Seeiso verander na Dabula.

HOF : Verander sy naam daar by die sirkel? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het jy voor die sirkel aangesluit of op die sirkel of na die sirkel? -- Net voor ek by die sirkel gekom het.

Stem jy saam dat Seeisostraat vanwaar jy inkom verby die Administrasiekantoor reguit na die sirkel toe, om die (20) sirkel en dan in Dabula Drive tot onder by, waar die bus ry, die rooi roete wat op die kaart ingevul is, is dit die bus-roete? Dit is op BEWYSSTUK AAR4. -- Daardie straat staan bekend as Seeisostraat, maar waarvandaan dit nou begin as Seeisostraat weet ek nie, maar ek sal aanvaar soos dit aan my gestel word, van die begin van die rooi streep is daardie plek bekend as Seeisostraat.

HOF : U is nou lank besig om te sukkel met die getuie terwyl die ooreengekom is dat die kaart korrek is. Hy is ingehandig op die basis dat hy korrek is, die rooi strepe is daar op, (30)

dit/...

dit is die busroete. Stel aan die getuie die rooi streep is die busroete en stel die volgende vraag.

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan u die rooi streep hier is soos ooreengekom die busroete?

HOF : Stel nou ook die volgende vraag voordat u 'n antwoord daarop kry?

MNR. JACOBS : Vandat u op Seeisostraat gekom het tot waar u afgedraai het van hom af, is daar busstoppe, nie terminusse nie? Nie groot bushaltes nie maar net gewone stoppe? -- Ja.

HOF : Ek het nog nooit gehoor van 'n bus wat opereer sonder (10) bushaltes nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit net by hom seker maak dat ek nie lateraan weer dat ons in 'n groot argument met hom betrokke raak nie.

HOF : Op die roete van die bus, is daar gewone bushaltes wat aangedui word deur 'n paaltjie en 'n bordjie en is daar ander plekke waar daar 'n bankie is en 'n afdakkie? -- By al die plekke waar die busse stop is daar "shelters".

MNR. JACOBS : By hierdie busstoppe, het jy daar groot groepe mense gesien wat daar versamel het toe jy daar gery het na (20) mnr. Lekaote se huis toe?

HOF : Praat u van groepe mense of groot groepe mense? Wat is die vraag wat u stel?

MNR. JACOBS : Groepe mense en kan jy miskien vir ons sê hoe groot was hulle as daar was?-- Dit was 'n groepie gewees wat ek skat op twintig of minder. Ek het nie so goed opgelet nie, want ek het net daar verbygegaan.

HOF : Die bushaltes, is daar op elke blok 'n bushalte - is daar in elke blok 'n bushalte of ry die bus baie ver voordat hy by 'n halte kom? -- Dit is 'n lang ent om vanaf een bushalte (30)

tot/...

tot by h ander een te kom. Nie een in elke blok nie.

Hoeveel meter? -- Ek skat ongeveer 2 kilometers van mekaar.

Dit is darem baie ver uitmekaar uit. Dit beteken elke persoon moet minstens h kilometer loop as hy in die middel bly tussen die twee haltes? -- Ek beter myself nie verbind nie. Ek moet liewers h aanduiding gee op die kaart as ek die kaart het.

Goed, as dit ter sake word, sal ek u vra.

MNR. JACOBS : Op u roete terug vanaf mnr. Lekaote se huis, (10) om na jou huis toe te gaan, moes jy naby die Rooi Stene bushalte verbygaan weer? -- Ek het in die rigting van daardie bushalte gery, maar nie verbygery nie. Ek het afgedraai voor ek by die bushalte gekom het.

Hoe ver voor die bushalte? Was dit die straat net voor die bushalte? -- (Getuie dui distansie aan)

HOF : Met ander woorde, die eerste straat voor die bushalte daar het u regs gedraai? -- Ja.

MNR. JACOBS : By die bushalte, was daar baie mense gewees, groot groepe mense? -- Mense wat daar heen en weer (20) beweeg het. Ek het nie so goed opgelet nie.

Was dit baie mense gewees of was dit maar min gewees? -- Om en by daardie tyd was daar nie baie mense gewees nie.

Het jy op enige stadium terwyl jy op hierdie roete gery het van jou huis af na mnr. Lekaote se huis toe en terug gesien dat mense ander keer dat hulle nie werk toe gaan nie? -- Nee.

Jy het dit nooit gesien nie? -- Nee, so iets het nie gebeur nie.

Toe jy weer daarna van jou huis af gery het om weg te gaan en jy weer by Seeisostraat ... (Hof kom tussenbei) (30)

HOF/...

HOF : Wat bedoel u met weg te gaan? Sinode toe?

MNR. JACOBS : Uit Sharpeville uitgegaan het na Johannesburg toe om die sinode by te woon, het jy toe enige voorvalle gesien waar mense wou werk toe gaan en dat ander keer dat hulle nie kan werk toe gaan nie? -- Nee.

Het jy op enige van hierdie stadiums wat jy nou hier beskryf het wat jy op daardie paaie beweeg het enige polisie teëgekome? Polisievoertuie, polisiebeamptes? -- Ek het glad nie polisie teëgekome nie, hetsy in 'n voertuig of te voet.

Jy sien, hoekom ek vir jou vra is dit was gestel aan(10) mnr. Viljoen hierso - brigadier Viljoen dat daar vroeg die oggend in Sharpeville, was daar groepies mense wat ander gekeer het dat hulle nie werk toe gegaan het nie en dan het die polisie hulle verhoed en onnodig aangeval en aangerand? -- Sharpeville is 'n groot plek en u maak geen melding van presies waar dit was en hoe laat nie. So, ek was wel in Sharpeville gewees, maar sonder om te weet presies waarvan u praat kan ek nie sê nie.

Sal u saamstem dat die mense van Sharpeville maak hoofsaaklik gebruik, dié wat nie motors het nie, van die bus-(20) roetes wat daar naby sit? -- Ja, om 'n bus te haal.

Ek wil dan net vir jou lees wat daar gestel was. Dit is op bladsy 3 420 van Volume 65. "U sien, wat ek aan u wil stel is dit, dat daar was van vroeg die oggend groepies op straat. Daar was ook jongmense wat na ander persone wat werk toe wou gaan gegaan het en probeer het om hulle te keer om nie werk toe te gaan nie. Het u sulke verslae gekry?" -- Ek het al vir die Hof hier gesê hoe laat dit was wat ek weg is van Sharpeville en hier word geen melding gemaak van tyd nie. Dit kan wees dat dit 'n voorval is van 05h00. Ek (30)

weet/...

weet nie, dit word nie gesê nie.

In billikheid teenoor jou, kyk net na bladsy 3 421 - daar sal ek vir jou verder lees "Ek wil aan u stel dat vroeg die oggend voor sonopkoms die patrolliewaens besig was om sulke groepe uiteen te jaag. Verstaan u wat ek bedoel met groepe?" "Daar sal h klein groep van mense wees. Party sal probeer - party was van plan om werk toe te gaan en party was besig om hulle te probeer oortuig dat hulle nie werk toe moet gaan nie en hulle is almal uiteen gejaag met sambokke." -- Ek verstaan dan dat hulle uiteen gejaag is met sambokke(10) na verskillende rigtings toe. So, dit meen hulle kon nie nog daar aangebly het nie.

Maar stem jy saam so iets sou aanhoudend gebeur het op verskillende plekke en terwyl u gery het moes u ten minste iets daarvan gesien het of gesien het dat die polisie bedrywig is daar in Sharpeville, veral op die busroete? -- Ek sê op h sekere tyd het ek weggegaan op hierdie tydstip wat ek vertrek het, was daar niks gewees wat plaasgevind het nie.

Maar my stelling aan jou is, die tyd voordat jy weggetrek het, moes hierdie dinge plaasgevind het en toe moes (20) daar polisie-optrede alreeds gewees het in Sharpeville? -- Ek kan nie oor wat daar gebeur het getuig terwyl ek nie daarvan bewus was nie, al is dit nou voor ek weg is, maar toe ek uit was om uit te gaan en weg te gaan, het ek niks raakgeloop nie.

Ek wil dit aan jou stel dit is baie hoogs onwaarskynlik dat so iets sou gebeur het en dat jy dit nie moes raakgeloop het in die verskillende tye wat jy daar in daardie straat, Seeisostraat en Dabula Drive gery het nie? -- Ek sê dat ek daar gery het en niks van hierdie aard daar gesien het nie.(30)

Toe/...



Toe jy gery het na mnr. Lekaote se huis toe, sal jy met my saamstem dat die kortste en direkste roete is om regdeur te ry met Dabula Drive tot daar by die afrit wat jy wel geneem het. Sal jy saamstem daar?

HOF : Dit maak dit nou so helder soos modder.

MNR. JACOBS : By punt 17. Waar jy beweer dat jy oor Dabula Drive gery het? -- Ja.

Kan jy vir die Hof dan enige verduideliking gee hoekom jy dan afgedraai het by Lekwa Shandu Hoërskool en daar na links gedraai het en nie die kortste en direkste roete gery(10) het nie? -- Omdat daar mense was wat ek van plan was om te sien in daardie rigting.

Watter mense was jy van plan om daar te sien? -- Dit is lede van my gemeente na wie ek elke maand die mis gaan bedien.

HOF : Word die mis nie net in die kerk bedien nie, maar ook by die huise? -- Ja, byvoorbeeld die bejaarde mense wat nie in staat is om kerk toe te kom nie en dié wat miskien gebreklik is of sieklik is. Ons doen dit ten opsigte van hulle.

MNR. JACOBS : Het jy toe die mis daar bedien? -- Nee. (20)

Maar dan verstaan ek nog nie hoekom jy daar afgery het nie, want jy het nie gegaan om mis te bedien nie, jy was nie voorbereid gewees om mis te gaan bedien nie? -- Op pad na Lekaote se woning toe, het ek aangedoen by die verskillende mense wat ek van praat in daardie rigting.

Het jy aangedoen by die mense? -- Ja, by een het ek aangedoen. By die tweede een het ek net verbygery, ek het nie ingegaan nie.

Jy stem saam dit is nuwe getuienis? Dit is nie wat jy in jou getuienis-in-hoof gesê het nie? -- Ja, as u my vra(30)

sal/...

sal ek u vertel. U het nou vir my gevra hoekom ek in daardie rigting gery het. Nou gee ek vir u 'n rede.

Wie is die persoon waar jy aangery het? -- Dit is die Sindane gesin.

En waar woon hulle? -- In Vuka.

Kan jy vir ons sê waar? Is dit naby die skool waar jy afgedraai het? -- Dit is dieper in Vuka.

Kan jy vir my wys waar die huis sit, asseblief? -- (Getuie dui plek aan) Waar ek hierdie kopspeeld ingedruk het beteken nie dat ek nou bedoel dit is die punt nie, maar (10) dit is in daardie onmiddellike omgewing van die punt.

HOF : Hoe ver kan u uit wees? -- Twee, drie huise uit.

Ek gee die plek die nommer 20 en nommer 20 is dan die omgewing van Sindane se huis,

MNR. JACOBS : U sal met my saamstem die feit dat u daarheen gegaan het, wyk heelwat af van die roete wat u in die hof beskryf het in u getuienis-in-hoof waarvolgens u gery het om by Lekaote se huis te kom? -- Nee, dit is nie so nie. Toe ek vroeër van Lekaote se roete gepraat het, het ek net 'n aanduiding gegee hoe 'n mens direk by Lekaote kan uitkom (20) as jy daar afgedraai het sonder om daar aan te sluit, dat ek by hierdie mense se huis aangedoen het alvorens ek na Lekaote gegaan het.

HOF : Nou het ek dit nie duidelik nie. U getuienis wat u in hoof gegee het oor die roete, is daardie getuienis u werklike roete of het u 'n denkbeeldige roete gegee wat 'n mens kan volg as jy wil? -- Dit is die roete wat ek gevolg het om na Lekaote toe te gaan.

MNR. JACOBS : U stem dan saam, die roete wat u gegee het wat u gevolg het om na Lekaote toe te gaan is nie by hierdie (30) plek/...

K787

plek verby wat jy nou as nr. 20 uitgewys het nie? -- Wat ek beskryf het daar in my getuienis-in-hoof was waar ek afgedraai het, dit wil sê van die hoofpad links en h kortpad geneem het om by Lekaote uit te kom. Dit is wat ek beskryf het vroeër aan die Hof.

HOF : Nee, ek begryp nie jou getuienis nie. As ek my reg herinner dan het u aangedui op die kaart, dit is nou wel deur middel van h ordonnans aan my aangedui, maar op daardie wyse het ek by punt 17 uitgekom, dat u by punt 16, dit is die skool, links gedraai het, dat u dan met daardie straat(10) gery het tot ongeveer daar waar die gebou staan wat soos h kerk vir my lyk in die vorm van h kruis, dat u dan reghoekig na regs gedraai het, dan h kort stukkie links en dan h lang pad weer na regs totdat u by Dabula Drive aangesluit het by punt 17? -- Dit is heeltemal reg. Ek het oor Dabula gegaan om by 17 uit te kom.

Daardie roete kom nie in die omgewing van punt 20 nie? -- As dit die geval is, dan het ek fouteer. Waar ek dan nou Sindane se woning aandui op u kaart, is dan h verkeerde plek. Dit is lank gelede dat hierdie voorval plaasgevind het(20) en ek het die indruk gekry dat aangesien Sindane se woning aan my linkerkant is, dit wil sê by die afdraaiplek in die nabyheid van die skool, kon dit miskien my benadering van die beskrywing van waar Sindane se huis is beïnvloed het.

Sê u punt 20 is verkeerd? -- Ja, ek sal sê dan het ek dit mis.

MNR. JACOBS : Ek wil aan u stel, die rede hoekom u daar regs gedraai het, is omdat daar iets voor in die pad was wat u genoop het om daar te draai, hetsy polisiebeamptes of groepe mense wat daar in die pad geloop het? -- Nee, dit (30)

is/...

is nie so nie, want op pad terug het ek met Dabula Drive teruggekeer huis toe. Was daar miskien iets gewees wat in my pad was wat my belemmer het, dan sou ek n ver pad gery het om terug te keer.

Ek wil dit aan jou stel dat die nag tussen die 2de en die 3de was daar alreeds n padversperring in die omgewing van Mafube Drankwinkel en dit is n padversperring in Seeisostraat wat voor Mafube Drankwinkel verbyloop?

HOF : Ek dink nie Seeisostraat loop by Mafube verby nie. Lê Mafube nie weg van Seeisostraat af nie? Vra vir die (10) getuie, ek weet nie, ek was nie daar nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat die getuienis is dat daar in die pad wat die busroete volg, daar naby Mafube Drankwinkel padversperrings was?

HOF : In Seeisostraat?

MNR. JACOBS : Met ander woorde, die afleiding wat ek dan maak is dat die pad waar die busroete gaan is Seeisostraat, daarom was daar padversperrings in Seeisostraat? -- Ek verstaan nie, want Mafube is n entjie ver van Seeisostraat af. Wat ek sê in antwoord op die vraag is dat of op die stelling, (20) op pad terug vanaf die sinode die aand van die 2de, het ek gebruik gemaak van Seeiso tot in daardie omgewing wat genoem word en daar was hoegenaamd geen padversperrings gewees nie. Ek het ook hier vir die Hof gesê dat die volgende môre het ek in Seeiso aangesluit verby Mafube, by Mabula Drive aangesluit, verder aangery tot by Vuka en daar was niks in die pad as versperrings nie.

Ek stel dit aan jou dat getuie Schlebusch wat hier getuig het, het getuig dat op die busroetepad in die nabyheid van Mafube Drankwinkel was daar n padversperring gewees alreeds (30) gedurende/...

gedurende die nag.

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. JACOBS : Sy getuienis strek oor volumes 69 en 70. Ek het sy getuienis opgesom oor 'n paar punte. Om 01h00 die nag het hy in Sharpeville ingegaan. Dit kry ons op bladsy 3 700. Die padversperring by Mafube Drankwinkel is Volume 70 bladsy 3 711 en die pad waarop versperrings was, was busroete en dit is volume 70 bladsy 3 713.

HOF : Maar is dit nou dieselfde getuienis?

MNR. JACOBS : Dit is dieselfde getuienis. (10)

HOF : Is die stelling nou dat dit by Mafube was en by die busroetes of net op die busroete in die omgewing van Mafube?

MNR. JACOBS : Die padversperring is by Mafube Drankwinkel. Daar was gevra watter pad is dit, toe het hy gesê dit is die pad waarop die busroetes is. -- Ek stem nie saam met hom nie. Al weet ek nie waar dit was nie, stem ek nie saam met hom nie, want verby daardie punt, net anderkant is die polisiestasie.

Sal u ook saamstem dit is ook nie baie ver van jou huis af nie? Mafube Bottelstoor? -- Ek verstaan nie u vraag nie. (20)  
My huis is nie ver van wat af nie?

Van Mafube Bottelstoor af nie? -- Ja, dit is nie ver nie.

HOF : Dit is net anderkant daardie oop stuk grond? -- Ja.

MNR. JACOBS : Gedurende die nag tussen die 2de en die 3de het jy niks gehoor wat daar aangaan, 'n geraas of so in die omgewing van Mafube Bottelstoor nie? -- Ek het niks gehoor nie. Wat bedoel u as u sê die nag? Hoe laat is dit?

Gedurende daardie nag, tussen 01h00 en sê 06h00 die oggend van die 3de? -- Ek het niks gehoor nie. Ek het (30)

opgestaan/...

opgestaan om 05h00.

En as daar 'n klipgooiery by Mafube Bottelstoor na die polisie was, kon jy dit nie hoor nie? -- Ek kon dit nie hoor nie. As dit gebeur het sou ek dit gehoor het.

Want jy sien, dieselfde getuie Schlebusch getuig dat daar by Mafube die nag is hy aangeval deurdat klippe na hom gegooi was en sy voertuig? As ek net vir die Hof die verwysing kan gee. Dit is op bladsy 3 715 van Volume 70. -- Ek weet nie daarvan nie. Ek was dalk vas aan die slaap gewees. Ek meen dit is logies. Om 02h00 in die môre is 'n mens aan(10) die slaap.

MR BIZOS : In fairness, the witness himself says at 3 717 "Het die mense wat u voertuig aangeval het in Sharpeville die nag daar by die polisiestasie 'n groot geraas gemaak? - Ek kan nie sê of hulle 'n geraas gemaak het nie, want hulle het uit die donker uit klippe gegooi en my voertuig se vensters was toe gewees op daardie stadium. Dit was redelik koel gewees in die oggend." So, the witness did not hear any noise. Your Lordship may be able to draw an inference whether someone in the house could have heard any noise. (20)

MNR. JACOBS : Ek wil dit ook aan u stel dat daar om 06h20 die oggend van 3 September was die busse reeds onttrek gewees uit Sharpeville? -- Ek weet nie daarvan nie.

Jy kan dit nie ontken nie, nè? -- Ek weet nie daarvan nie, toe ek weg is, was voor ek enige bus gesien het. Of die busse nou daar onder was of heel bo kan ek nie sê nie.

Dan wil ek aan jou verder stel dat brigadier Viljoen se getuienis was dat om 06h20 toe hy in Sharpeville ingegaan het was Seeisostraat reeds geblokkeer gewees. Daar was blokkades in die pad? -- Ek sê toe ek my huis verlaat het (30)

om/...

om en by 07h30, 07h45 was daar niks gewees in Sharpeville nie. Ek het normaal gery tot ek uit die woonbuurt uit was.

HOF : U het omtrent die hele lengte van Seeisostraat gery?

-- Ja.

MNR. JACOBS : So, sê jy dat brigadier Viljoen vertel h onwaarheid vir die Hof as hy sê dat Seeisostraat was blokkeer gewees? -- Ja, ek sê so.

Raadslid Dhlamini se huis, is dit baie ver van jou af?  
-- Nie baie ver nie.

As jy nou sê nie baie ver nie, wat sou jy sê? n Paar(10) honderd treë, n kilometer? -- Ek het n probleem van skattings. Dit is 300 plus meter. Moontlik 500.

Die getuienis van brigadier Viljoen was dat om 07h30 op die oggend van 3 September 1984 was Dhlamini se huis aangeval gewees en dat - Dhlamini se huis is aan die brand gestek. Is dit reg? Stem jy saam daarmee? -- Ek is daarvan bewus dat daar wel n aanval was op Dhlamini se huis en hy is toe oorlede. Ek het toe later verneem dat die huis ook aan die brand gestek was.

Hoe laat het jy jou gebied verlaat, toe jy nou uitgegaan(20) het uit Sharpeville uit weggegaan het? Hoe laat was dit toe jy weg is?-- Om en by 07h45 het ek my perseel verlaat.

Nou wil ek dit aan jou stel dat op daardie stadium moes jy tog gehoor het toe daar n aanval geloods is op Dhlamini se huis en dat die polisie daar teen die mense opgetree het en jy moes ook gesien het dat daar rook is en dat die huis aan die brand is?

MR BIZOS : I wonder whether Mr Jacobs is quoting the evidence correctly. There is in fact conflicting evidence. The elderly person, the neighbour, says that he heard (30)

absolutely/...

absolutely nothing at 07h30 himself. Your Lordship will recall that evidence and there was evidence that there were two attacks. There was an attack when young people came and then life went on as usual and then there was a later attack in which he was assaulted and his house was burnt. I think that it was 09h00.

COURT : Well, is the evidence life went on as usual?

MR BIZOS : That was the evidence of the neighbour. He saw Mrs Dhlamini going and drawing water from the tap.

MNR. JACOBS : Op hierdie stadium toe die aanval geloods (10) is 300 treë ongeveer van jou huis af, toe moes jy darem gehoor het dat die mense daarso raas en die huis aanval, klippe gooi en dat die polisie toe daar optree teen hulle? -- Ek sê nie dit is presies 300 meter van my huis af nie. Ek sê dit is 300 plus meter van my huis af. Dit is die distansie tussen my huis en Dhlamini en tweedens, daar is geen direkte getuienis wat sê hoe laat presies dit was toe Dhlamini se huis aangeval is nie.

HOF : Die eerste aanval was om 07h30 en die tweede aanval was om 09h00. Daar is direkte getuienis? -- Maar as ek (20) reg is, as ek nie verkeerd is nie het iemand gesê dit was om en by 11h00.

Wel, laat ons nou nie debatteer oor wat iemand gesê het nie. Die stelling aan u was u moes dit gehoor het en die antwoord is "Nee, ek het dit nie gehoor nie." Wat is die volgende vraag?

MNR. JACOBS : Toe u nou gery het van u huis af, het u in Seeisostraat skares mense gesien en mense gesien met T-hemde aan? -- Nee.

Het u mense gesien met plakkate? -- Geen.

(30)

HOF/...



HOF : Kan h mens u getuienis opsom deur te sê dit was h dood normale Maandagoggend? -- Ja.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat ook getuie Niemand het getuig dat die oggend om 07h20 het hy in Sharpeville gekom en ingekom by die Administrasiekantore en gery in Seeisostraat in die rigting van die polisiestatie en dat Seeisostraat versper was met stukke van h busterminus, skoolbanke, rommel, beton en verkeerstekens? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Hierdie afdakke of die strukture van die bushaltes is sô groot en tydens my arrestasie was dit nog (10) nie beskadig gewees nie.

En dan verder dat die eerste versperring wat hy teëgekom het was soos jy inkom in Seeisostraat net verby die Administrasieraad se kantore in Seeisostraat en waar die woonhuise begin? -- Ek stem nie daarmee saam nie, want as h mens net die Administrasieraad se kantore verbygaan, aan jou linkerkant kry jy h oop stuk veld. Verby daardie oop stuk veld kry jy eers die huise en die betrokke môre het ek daar deurgery. Daar was niks wat as h versperring beskryf kan word nie. (20)

Wat verder is, hy sê dat Hulwanestraat, was ook versper gewees, dit is h straat wat afry - wat kruis met Seeisostraat? -- Ek het alreeds gesê ek weet nie waar daardie straat is nie.

As ek miskien net vir jou kan help. Ek sê vir jou Hulwanestraat is net daar as h mens met Seeisostraat van die Administrasieraad se kantore af aankom, is daar twee blokke waar groot besighede weerskante van Seeisostraat is en die straat aan die linkerkant van daardie blokke ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit die een wat die busroete in ry? (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Wat die busroete in op gaan. -- Ek sien daar staan geskryf volgens u aantekening Hulwanestraat. Ek weet nie of daardie straat bekend staan as Hulwane nie en daardie twee plekke wat u beskryf het as besigheidsentrum, ek weet nie of dit besighede is nie, maar wat my betref is daar nie besighede daar nie.

HOF : Wat dink u wat is dit? -- Dit is skole.

Is dit twee groot blokke met skole in? -- Daardie blok as geheel aan weerskante is skole.

MNR. JACOBS : En Hulwanestraat, weet jy of dit h straat is(10) waar h busroete langs loop?

HOF : Die getuie weet nie wat is Hulwanestraat nie. Dus u moet hom vra die straat wat aan die westekant lê van die noordelikste skoolblok noord van Seeisostraat.

MNR. JACOBS : Is dit h busroete wat daar loop langs daardie blok aan die westekant van die noordelike blok van die skole wat aan weerskante van Seeisostraat lê?

HOF : U hoef hom dit nie te vra nie, want dit is ooreengekom en ek stel nie belang of hy my vertel of dit h busroete is nie. Dit is h busroete. (20)

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat as u daardie oggend soos u gery het 07h45, moes u hierdie een padversperring ten minste teëgekomp het op Seeisostraat daar by die ingang van die dorpsgebied naby die Administrasieraad se kantore? -- Daar was hoegenaamd geen versperring gewees nie. Ek het gebruik gemaak van daardie pad. Eintlik om seker te maak, daar is h stopteken daar vir h persoon wat van my rigting af gekomp het om te stop. Ek het daar gestop en aan weerskante van my gekyk of dit veilig was vir my en toe deurgery. Daar was nie h padversperring nie. (30)

HOF/...

HOF : As ek my reg herinner het hierdie mnr. Niemand vir ons vertel dat daar op ses plekke ongeveer padversperrings in Seeisostraat was? -- Ek dra geen kennis daarvan nie. Ek praat van die tydstip wat ek my huis verlaat het op pad weg.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel hierdie getuie se getuienis is hoegenaamd nie betwis op hierdie aspek nie? -- Ek weet nie. Ek praat net van die tydstip wat ek my huis verlaat het.

Weet jy waar woon raadslid Sekopane? -- Ek het nie destyds geweet nie. (10)

Weet jy nou? -- Ek het hier in die getuienis gehoor dat daar 'n adresnommer van 'n huis genoem word.

Ek wil dit net aan jou stel dat die getuienis is hier dat die oggend van 3 September 1984 om 07h00 was raadslid Sekopane se huis aangeval en aan die brand gestee asook sy stasiewa wat buite die huis gestaan het? -- Ek weet nie daarvan nie. In die eerste plek weet ek nie eers waar hierdie persoon gewoon het nie. Ek praat van die tyd wat ek vertrek het van my huis af met die oog daarop om weg te gaan.

Kom ek vra vir u nou somer, het u daardie oggend vandat (20) u opgestaan het totdat u gery het na die verskillende lede van jou gemeente wat jy wou gehad het moes saam met jou gery het geen plekke gesien waar daar uitermate rook is, waar plekke nou aan die brand is nie? -- Ek kan nie onthou nie. Ek het wel een persoon gesien wie ek van voorneme was om saam met my te laat gaan.

Ek wil dit ook aan jou stel dat adjudant-offisier Coetzee het getuig dat die nag om 01h00 tussen die 2de en die 3de is hy na Sharpeville en verskeie strate was versper gewees. Onder andere, 'n deel van die pad wat versper was, was die (30)

pad/...

pad waarop die busroete is? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek getuig hier oor wat ek gedoen het waarlangs ek gery het, van waar af en waarheen.

Ek wil dit aan u stel dat mnr. Bruyns wat hier getuig het sê dat hy het Sharpeville genader vroeg die oggend, dit was nog donker, tussen die 2de en die 3de en hy het gesien dat daar baie rook is in die lug. Dit is Volume 68 bladsy 3 619. n Huis brand en daar is rook in die lug en net na hy Sharpeville binnegegaan het, was daar padversperrings gewees? -- Ek weet nie. Ek getuig net van wat ek weet. (10)

Ek wil dit aan jou stel dat mnr. Vosser het hier getuie-nis gegee dat hy om 06h00 begin het om in Sharpeville te patroleer. Hy het gery in Seeisostraat en naby die bushalte in Seeisostraat het hy n groot klomp gewapende mense gevind, ongeveer 300 groot? -- Ek was nie saam met hom gewees nie.

Ek stel dit aan jou dat daar by die bushalte was hy aangeval deur hierdie groot skare mense en sy voertuig sodanig beskadig dat hy moes onttrek? Volume 69 bladsy 3 647. -- Ek weet nie van dit waarvan hy getuig nie. Ek vertel net van wat ek weet hoe laat ek daar vertrek het. Ek het niks (20) gesien nie.

Weet jy waar raadslid Mofokeng in Matsamengstraat woon? -- Ek weet nie.

Weet jy waar Matsamengstraat is in Sharpeville? -- Ek weet nie.

Ek wil dit net aan jou stel dat raadslid Mofokeng sê die oggend toe hy opgestaan het, was sy huis aangeval en moes hy vlug? Daar was n groot skare mense? Dit is Volume 49 bladsy 2 460 waar hy sy adres gee en die insident is bladsy 2 474. (30)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Watter tyd was dit?

MNR. JACOBS : Die oggend toe hy opstaan, vroeg die oggend toe hy opstaan.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K788

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ek wil dan nog net stel, dit is nou genoem van hierdie - ek het die nota ook - buurman van Dhlamini. Sy getuienis-in-hoof was dat op 3 September om ongeveer 07h30 was hy (10) op sy erf gewees toe n groep mense die huis van Dhlamini aangeval en aan die brand gestee het en hom en sy voertuie alles daar verbrand het en in alle billikheid in kruisondervraging het hy ook toegegee dit kan moontlik wees tussen 08h00 en 08h30, net so dat die ding billik gestel word aan jou?-- Ja, wat is die vraag?

So, ek wil dit aan u stel dat gedurende die nag van die 2de en die vroeë oggendure van 3 September 1984 was daar aansienlike aktiwiteite in Sharpeville gewees en ek stel dit aan jou dat jy moes daarvan kennis gedra het en jy (20) moes daarvan iets gesien het? -- Ek stem nie saam met die stelling nie, want ek het alreeds aan u gesê dat my hoof besluit was aangaande die sinode wat ek moes bygewoon het. Dus, ek moes soontoe gegaan het. Ek het alreeds in my getuienis hier vir die Hof vertel hoe ek daar vertrek het en die pad wat ek gery het, het ek niks gesien nie.

Ek sal weer daarnatoe terugkom. Kan jy net vir ons sê, die beeld wat jy hier geskep het in die hof is dat die polisie het nie jou klagte ondersoek omtrent die gebeure van die 3de by jou huis nie? -- Ek verstaan dit nie, want ek het (30)

net/...

net h verklaring gemaak aan die polisie daaromtrent.

Kan jy onthou dat kaptein Horn verskeie kere na jou gekom het om h verklaring te maak en verdere inligting te gee? -- Ek weet nie, ek het hom net een keer ontmoet. Hy was net een maal by my huis en die tweede keer is toe ek h verklaring aan hom gemaak het.

Het jy h verklaring gemaak? -- Nee, daarby bedoel ek dat ek die verklaring aan hom gaan aflewer het. Dit is die verklaring wat ek aan die prokureur gemaak het wat aan hom deur my afgelewer is. (10)

Stem jy saam dat dit wat jy deur die prokureurs afgelewer het is h skrywe, h brief, dit is nie h verklaring nie? -- As ek van h verklaring praat verwys ek na daardie dokument wat ek verstaan is h verklaring. Dit wat u vir my van sê is h

Ontken u dat hy na u toe gekom het en vir u gevra het om h formele verklaring te maak? -- Ek ontken dit nie. Ek sê dan hy was een maal by my huis gewees en ek het toe na hom toe gegaan om hierdie brief te gaan aflewer.

Het jy toe hy jou versoek het om h verklaring te maak (20) h formele verklaring vir die opening van h dossier, geweier of nie? -- Ek het nie geweier nie.

Het jy h verklaring toe gaan maak, behalwe die brief wat jy geskryf het? -- Ek het h gesprek met hom uitgevoer waar hy navraag kom doen het by my wat alles daar gebeur het. Ek het aan hom vertel en toe het hy verder vir my gevra en ek het toe vir hom gesê "Kyk, dit is al wat ek op die oomblik vir jou kan sê, verder sal ek jou later laat weet na ek by die prokureurs was."

Het jy geweier om h formele verklaring daar te maak (30)

toe/...

toe hy na jou toe gekom het, ja of nee? -- Ek het nie geweier nie. Hy het op geen stadium aan my gesê dat hy 'n verklaring van my wil neem nie.

Het hy probeer om van jou inligting te kry omtrent nadere besonderhede oor die voertuie wat daar was, of jy enige verdere inligting vir hom kan gee? -- Ja, ek het aan hom verduidelik wat daar gebeur het.

Het jy vir hom - kon jy vir hom meer besonderde gee oor die voertuie? Enige merke of nommers of enigiets om dit te identifiseer? -- Nee, dit het ek nie gedoen nie. (10) Ek was mos nie na buite gewees om te kan sien om vir hom 'n beskrywing van die voertuie te kan gee nie.

Het jy nie die voertuie gesien nie? -- Dit was op die tweede geleentheid dat ek voertuie gesien het.

Het jy vir hom die beskrywinigs van daardie voertuie gegee? Verdere besonderhede? -- Ja.

Wat se besonderhede kon jy vir hom gee? -- Ek het aan hom beskryf dat daar twee sedan voertuie was wat daar geparkeer was soos ek nou aandui op hierdie BEWYSSTUK CA14 in die straat wat lei na my woning toe. (20)

HOF : Dit is die straat wat tussen sy kerk en die woning deurloop? -- Dit is korrek.

En aan die linkerkant van daardie straat of aan die regterkant van daardie straat? -- As 'n mens hierdie foto nou so hou, dit wil sê met die boonste kant polisiestasi se kant toe, was die voertuie aan my regterkant gewees, soos ek hier staan.

Dus aan u huis se kant van die straat? -- Aan my huis se kant. Die trok was aan die voorkant van die huis. Dit wil sê in die straat waar daardie persoon beweeg naby die (30)

hek/...

hek van my perseel.

MNR. JACOBS : Was hy in die straat geparkeer gewees? -- Nee, af van die straat, as ek dit 'n sypaadjie mag noem, op daardie sypaadjie voor my huis.

Die sypaadjie naaste aan jou grensdraad voor jou huis?

-- Ja.

Het kaptein Horn na jou toe gekom en gevra dat jy moet kom kyk na die voertuie wat hulle daar gebruik het, of jy hulle enigsins kan uitken? -- Nee, wat hy eintlik aan my gesê het was, die polisie het nie sedanvoertuie gebruik nie. (10)

Ek wil dit aan jou stel dat wat gebeur het is, kaptein Horn het jou gevra om 'n formele verklaring te maak en jy het geweier? -- Dit is nie die waarheid nie. Indien dit die geval was, dan sou ek nie eers aan hom uitgewys het wat in my woning plaasgevind het nie.

En jy het geweier om enige verklaring te maak tensy jy met jou regsverteenvoerder onderhandel? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het dit met hom bespreek en hy het toe vir my gesê dit is goed, ek kan maar gaan en na ek daar was moet ek by hom 'n verslag kom doen. Toe het ek met (20) hierdie brief na hom toe gegaan wat hy ontvang het. Ek het met hom hieromtrent gepraat, want hy het vir my gesê dat die kerkowerhede het alreeds met die hoogste gesag van die polisie in verbinding getree as gevolg waarvan die gesag van die polisie hom toe genader het oor die voorval, wat hy toe aan my beskryf het. Ek het toe aan hom gesê ja, dit is korrek soos u dit beskrywe.

En ek wil dit ook aan u stel dat kaptein Horn u versoek het en geneem het mo voertuie te ondersoek en te kyk of u hom enigsins kan help om hierdie voertuie te identifiseer (30)

wat/...



wat daar by jou gekom het? -- Dit is nie waar nie. Dit is net n onwaarheid wat gestel word.

En jy kon hom geen inligting gee oor hoe om hierdie voertuie te identifiseer nie. -- Ek het aan hom n beskrywing gegee. Indien dit gesê word is dit nie die waarheid nie.

Al wat jy gesê het is dit is sedanmotors? -- Ek het n beskrywing aan hom gegee watter tipe voertuie dit was, n sedanvoertuig en toe aan hom verduidelik hoe die voertuig is, waarop hy gesê het die polisie maak nie gebruik van daardie tipe voertuie nie. (10)

Wat se tipe voertuie was dit? -- Ford Cortina sedan, waarop hy vir my gesê het hierdie dag wat ek van praat, die polisie het nie daardie tipe voertuie gebruik nie. Hulle het die voertuie gebruik wat bekend staan as "hippo".

Het jy daardie voertuig geken, of die twee voertuie? -- Ek ken nie die voertuie nie. Wat ek sê is, ek het die voertuie gesien. Dus het ek die twee voertuie wat ek daar gesien het aan hom beskryf.

Op hierdie tweede geleentheid wat die voertuie nou daar gestaan het, het geen projektiel, hetsy n rubberkoeël of (20) traanrookhouer in jou huis ingekom en vensters gebreek en in jou huis ingekom nie. Is dit reg? -- Ek sê op die tweede geleentheid is traangas geskiet wat net voor die huis geval het.

Van waar af is dit geskiet? -- Toe ek terug by my huis was, op soek na die kind, terwyl ek aan die voorkant van die huis was, het ek opgemerk dat die drie voertuie wat ek nou genoem het vanaf die oop stuk veld se rigting af gekom het soos aangedui word op BEWYSSTUK CA14. Dit wil sê vanaf die rigting van bo af. Net voor hulle die koers verander(30)

het/...

het om by die kant te kom van my huis, dit wil sê die sypaadjie aan my regterkant en die ander een posisie inneem aan die voorkant, het hulle geskiet. (Die beskrywing van die getuie is dat daar is 'n paadjie deur daardie oop stuk veld wat meer na regs toe gaan, as 'n mens nou na die foto van my rigting af kyk. Dit is die rigting waarin die mense gekom het).

Het jy gesien hulle skiet? -- As gevolg van die skiet het ek toe die huis binnegegaan. Ek het nie gesien toe hulle skiet nie. Ek het net gesien die traangas val daar (10) langs my. Tweedens, dit het gebeur in die nag. Dus sou ek nie in staat gewees het om te sien nie.

Dan my oorspronklike vraag is, op hierdie geleentheid is daar niks in jou huis ingeskiet nie? -- Ja.

Toe hierdie goedere in die huis ingeskiet was, was op 'n geleentheid voor hierdie een waarvan jy praat waar die drie voertuie betrokke is? -- Ja.

En as ek jou getuienis reg verstaan het, dan het jy vir die Hof gesê jy het nie geweet waarvanaf of hoe dit geskiet is en of dit verkeerd geskiet is nie? -- Ja. (20)

Op hierdie foto wat jy nou na verwys het, soos ons hom daarso sien aan die linkerkant van die huis, is daar twee vensters en aan die agterkant is daar drie met 'n kleintjie in die middel.

HOF : Die foto is CA14.

MNR. JACOBS : BEWYSSTUK CA14. -- Ja, dit is so.

Net om duidelikheid kry kry, as 'n mens aan die linkerkant van die huis, die venster naaste aan die voorkant, kyk, daardie venster, waarna lei dit? -- Dit is 'n slaapkamer.

Watter slaapkamer? -- Dit is die hoofslaapkamer van (30)

ons/...

ons.

En die een naaste aan die hoek daar of aan die linkerkant, is dit nog in die hoofslaapkamer? -- Ja.

En die eerste een as h mens na die agterkant toe gaan, om die hoek gaan naaste aan die hoek, is dit ook h venster van die hoofslaapkamer? -- Nee, die beskrywing is die heel eerste een wat u genoem het, is die hoofslaapkamer. Die een daarna, dit is die een meer na die hoek om om die hoek te kom na die agterkant toe en die heel eerste een na jy om die hoek gekom het, die twee vensters is vensters van h slaapkamer (10) wat gebruik word deur die kinders.

Het jy h derde slaapkamer in die huis? -- Ja.

Waar is dit? -- Net verby die hoofslaapkamer aan die voorkant is daar h ander slaapkamer, maar het nie h venster suid soos wat ons daar kan sien nie.

Watter kant toe kyk daardie slaapkamer se venster? -- Na vorentoe, dit wil sê na die voorkant van die huis.

Die groot venster aan die agterkant van die huis naaste aan die hoek daar by die garage of die buitegeboue, wat se venster is daardie? -- Dit is die kombuisvenster. (20)

Watter slaapkamers se vensters was toe stukkend gewees waar jy die kannetjies en rubberpatrone gekry het? -- Dit is hierdie twee, die hoofslaapkamer en die een langsaan.

HOF : Ja, maar na die voorkant of na die agterkant se kant toe? -- Na die agterkant toe.

MNR. JACOBS : Wie het die aand in die voorste kamer geslaap wat nou kyk op die voorkant van die huis, die venster wat h mens nie kan sien nie? -- Daar was nog niemand gewees wat daar geslaap het nie. Dit sou gebruik gewees het deur ons gaste. (30)

In/...

In watter kamers was daar orals kinders gewees? --  
Dit is die slaapkamer wat beskryf word as h hoofslaapkamer  
van ons en die een meer na die agterkant van die huis.

Wie se kinders was in hierdie tweede slaapkamer gewees?  
-- Mosuoane se kinders en mev. Mosuoane was in daardie kamer  
gewees.

Jy sê dat die gordyne van die huis het brandmerke gehad?  
-- Ja.

En selfs ook van die meubels en beddegoed binne-in  
die huis? -- Ja, by die twee slaapvertrekke. (10)

Ek wil dit aan jou stel, sover ek vas kon stel dat traan-  
rook is nie h suur en hy kom nie uit in die vorm van h suur  
wat òf gordyne sou verbrand het, soos suur nie, òf bedde-  
goed gebrand het òf h vloermat sou gebrand het soos suur  
nie? -- Ek vertel h verhaal aan u van wat gebeur het met my  
huis en wat ek aan kaptein Horn ook getoon het deur dit uit  
te wys.

Was jou huis op enige ander manier aan die brand probeer  
steek daar, binne-in en ook die gordyne? -- Ek weet nie  
waarvan u praat nie, want ek vertel u van wat daar gebeur (20)  
het.

My vraag is net eenvoudig of u beweer dat daar op h  
ander manier as met traanrook die huis aan die brand gestek  
is, dat die gordyne ten minste gebrand het en die beddegoed  
en die mat? -- Ek het nog nooit so gesê nie.

h Ander aspek wat ek net met jou wil opklaar op hierdie  
selfde lyn, kan jy vir ons sê, die aand van die 2de, is jou  
vriend se huis blykbaar met klippe gegooi.

HOF : Dit is nou Mosuoane?

MNR. JACOBS : Mosuoane? -- Nee, moenie sê h vriend van my (30)  
nie/...

nie, dit is nie wat ek gesê het nie. Ek het gesê h huis van my "church warden". Wat ek verder gesê het was, met ons aankoms daar was die huis alreeds met klippe bestook.

En mnr. Mosuoane is h man wat saam met die raadslede gewerk het? -- Ek weet nie wat u daarby bedoel nie, maar wat ek wel van weet is dat mnr. Mosuoane was h lid van die komitee in die wyk van die raadslid Dhlamini.

En as h lid van die komitee in die wyk van Dhlamini het hy en Dhlamini-hulle - hulle het die raadslede ondersteun, saamgewerk met hulle? -- Ja, dit is reg. (10)

En as ek jou getuienis reg verstaan het, dan was daar net klippe gegooi deur julle weet nie wie nie of hoeveel mense nie? -- Ja, ek sê met my aankoms daar was die vensters gebreek gewees, aangeval met klippe, ek weet nie deur wie nie.

Dit kon ook gewees het deur een enkele persoon? -- Nee, die verslag was dat die aanval deur h klomp persone aangevoer was.

Hoeveel is nou h klomp persone? -- As ek in my beskrywing moet sê hoeveel is h klomp persone, dan praat ek van (20) drie plus persone.

So, dit was dan ongeveer drie persone wat die huis daar aangeval het met klippe. Wat was die verslag? Moenie laat ons raai nie. Vertel vir ons. -- Ek sê nie dit is drie persone nie. U het gepraat van een persoon. In antwoord sê ek dit is h klomp en u wou nou geweet het wat my mening is van h klomp.

Sê vir ons hoeveel mense het daardie huis aangeval, wat was die verslag? -- Ek weet nie. Ek hoor net in die verslag dat die huis deur h klomp persone aangeval was. (30)

Dit/...

Dit is die verslag wat gemaak word deur mev. Mosuoane terwyl ons mnr. Mosuoane daar afgelaai het.

Sal u saamstem dat so een geïsoleerde geval is nie oproer nie? -- Ek het hier verduidelik aangaande die brief wat ek hier gelees het terwyl ek getuig.

HOF : Dit is mos nou nie 'n antwoord nie. Die vraag is is een geïsoleerde geval soos hierdie oproer? -- Nee.

MNR. JACOBS : In jou brief, BEWYSSTUK DA12 waarna jy verwys, noem jy dit op bladsy 2 paragraaf 3 dat daar "On the evening of Sunday, the 2nd of September 1984 I attended the (10) opening of the synod of the Anglican Diocese in Johannesburg. When I returned home quite late that night I found that there was rioting in Sharpeville." -- Ek het verduidelik hier wat ek daarby bedoel het toe dit geskryf is en waaroor ek gehandel het.

Maar 'n mens skryf mos nie van onluste as daar nie onluste is nie? -- Nee, nee, u verstaan my nie. In hierdie selfde hof het ek verduidelik wat my woorde was wat gebruik is deur my wat daartoe gelei het dat dit so daar in daardie brief beskrywe word. (20)

Maar die feit is dat hierdie brief is verkeerd hierso, is dit nie? -- Nee, dit is nie.

Want jy sien, ek wil dit aan jou stel dat die feite van die saak is daar was onluste al gewees in Sharpeville en dit het die hele aand van die 2de af begin en deurgegaan na die oggend van die 3de en jy het goed geweet van al die onluste in Sharpeville? -- Ek betwis dit.

Nou hoekom beskryf jy dit hier dat daar onluste in Sharpeville is? -- Kan u nie sien dat dit was na aanleiding van alles wat reeds daar plaasgevind het soos reeds hier(30) deur/...

deur my beskrywe is dat dit so vertolk is.

Nee, ek verstaan jou antwoord nou glad nie.

HOF : Bedoel u wat plaasgevind het op die 3de en daarna of bedoel u wat plaasgevind het in die nag van die 2de? -- Wat ek gesê het tydens die skrywe van daardie brief op die 15de is die beskrywing van die gebeure op die 2de wat daartoe gelei het dat dit op dié manier op skrif gestel is.

MNR. JACOBS : Wat het gebeur op die 2de? -- Mosuoane se huis was met klippe bestook.

HOF : Maar dit is tog nie reg nie. Toe u daar kom, toe (10) was dit al verby? -- Ja, ek praat in die verlede tyd. Dit het alreeds plaasgevind toe ek daar gekom het.

Nou u prokureur skryf of u skryf hier "When I returned home quite late that night, I found that there was rioting in Sharpeville." Dit is aan die gang toe u tuis kom? -- Nee, my getuienis hier in die hof is dat met ons aankoms daar terwyl ons teruggekeer het huis toe, te Sharpeville, het ons gevind dat Mosuoane se huis alreeds met klippe aangeval was .

Wie het die brief vir u opgestel of vir u gehelp om (20) die brief op te stel? -- Mr William Lane.

Dit is h ou prokureur? -- Ja.

Hy is ook die prokureur hier in die saak? -- Hy is een van die mense by die firma wat betrokke is in hierdie saak. Ek het hier in die hof verduidelik wat ek bedoel het toe ek melding gemaak het van die woord "rioting."

MNR. JACOBS : Sal u met my saamstem, ek vra nie wat jy daar verduidelik het nie, maar wat jy nou verduidelik dat jy het nou-nou net vir die Hof gesê een geïsoleerde geval waar klippe gegooi is, is nie "rioting" nie, is nie oproer nie?(30)

Dit/...

-- Dit is hoe ek dit nou verstaan, ja, maar destyds het ek dit so gesien.

Is dit korrek as ek sê ek het jou getuienis verstaan dat na jy die gas nou ingekry het en op die 4de van September 1984 is jy na h dokter toe en daarna het jy by jou biskop gebly vir h week lank, in die bed gelê? -- Wat ek sê is die volgende, dat op die volgende datums, 4, 5 en 6 het ek by die biskop gebly.

HOF : Dit is September 1984? -- Ja, September 1984.

MNR. JACOBS : Het jy daar gelê? Was jy siek? -- Ja, geaffek-(10) teer deur die traanrook.

Jy het nie daardie huis van die biskop verlaat om ander plekke heen en weer toe te ry nie? -- Wat ek kan sê is, ek weet daarvan dat vir die eerste dag wat ek daar gebly het, het ek nie die perseel verlaat nie. Ek het vir die eerste keer beweeg op die derde dag van my bly.

HOF : Dit is op 6 September? -- Ja.

MNR. JACOBS : Toe jy nou beweeg het op 6 September, het jy toe terug na jou huis toe beweeg of waarheen het jy beweeg? -- Die eerste dag wat ek begin beweeg het, dit wil sê die (20) 6de, is ek na Sharpeville toe en terug.

Terug wat? -- Na die "bishop" toe.

HOF : Hoekom het u nie in die bed gebly in Sharpeville nie? -- Die plek het nog traangas gehad.

MNR. JACOBS : So, jy het nie die 6de terugbeweeg en teruggetrek na jou huis toe nie? -- Nee, nie getrek om daar te gaan bly nie.

Wanneer het jy werklik nou teruggekeer na jou huis toe dat jy weer in jou huis gaan bly het? -- In die tweede of die derde week van September, maar voor die einde van die (30) maand/...



maand het ek al teruggekeer en daar gewoon.

Waar het jy in al hierdie tyd gewoon tussenin? -- Ek het by die "bishop" gewoon. Wat ek sê is dat ek het die dag deurgebring in Sharpeville en net snags, wanneer ons nie kan slaap nie, is dit dat ek die nag by die "bishop" deurgebring het.

Het jy vir 'n week, twee weke, drie weke by die biskop gebly? -- Ek kan nie meer so goed onthou hoelank ek by die biskop gebly het nie, maar wat ek wel kan onthou is dat voor die einde van die maand het ek al teruggekeer en in (10) Sharpeville gewoon.

Kan ek dit aan u stel dat hierdie stelling op bladsy 4 van dieselfde BEWYSSTUK DA12 paragraaf 10(c) is dan ook seker verkeerd? "The atmosphere in the house was so offensive and uncomfortable that we had to vacate it and find accommodation elsewhere until we eventually returned on Saturday 6 October." Hier word dit dan duidelik gestel dat jy uiteindelik teruggekeer het op Saterdag, 6 Oktober. Jy sê jy het voor die einde van die maand teruggekeer, voor die einde van September? -- Ek sê ek kan nie onthou nie. Wat (20) ek wel kan sê is dat wat ek vaag onthou is om en by die einde van die maand het ons alreeds teruggekeer.

Dan paragraaf (d) word niks gesê van siekte nie, want daar word vertel dat as gevolg van hierdie traanrook wat so "offensive" is en wat so onaanvaarbaar is, het jy gaan ander plek huur om te bly en toe moes jy heen en weer ry. Dit is in paragraaf (d) op bladsy 5.

MR BIZOS : The document must be put before the witness.

There is nothing about hiring there.

HOF : Plaas die brief voor die getuie, asseblief. (30)

MNR. JACOBS : Lees net paragraaf (d) dat julle moes ander blyplek kry? -- "Having to obtain accommodation elsewhere and to travel to and fro has been expensive and has put us to additional cost which we cannot afford. Travelling expenses alone had been quite considerable."

Sal u met my saamstem, hier word twee dinge vertel wat julle moes bekom en wat julle geld gekos het. Een is verdere verblyf en twee is "travelling to and fro"? -- "Having to obtain accommodation elsewhere and to travel to and fro has been expensive and has put us to additional (10) cost which we cannot afford." It does not say we had to pay accommodation elsewhere and pay for travelling to and fro. It does not say that.

Is daar nie betaal vir die heen en weer ry nie en ook nie vir akkommodasie nie?-- This word accommodation, we had to find accommodation. It does not mean we had to hire accommodation. Ek het huisvesting bekom, nie dat ek dit gehuur het nie.

HOF : Het u gratis huisvesting bekom? -- ja.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat soos hy hier (20) staan en hierdie sin hier geskryf is, is dit baie duidelik dat hy gekoppel word deur die woord "and" en dat vir albei word hier aan die polisie oorgedra dat dit julle geld gekos het vir akkommodasie en vir vervoer? -- Die enigste verlies wat na verwys word hier is die vervoer tussen die plek waar ons gewoon het en Sharpeville, dit wil sê retoer daaglik. As u dit verder lees praat hulle net van die vervoer, dat dit hoog was.

MR BIZOS : Would a senior attorney who is English speaking have used two objects with a singular verb? The "has"? (30)

COURT : Why should I debate that with you, Mr Bizos?

MR BIZOS : Because an interpretation has been put to the witness which is not fair to a person who understands English properly.

COURT : I do not think it is unfair to put the interpretation on it that accommodation is mentioned there in the context of cost? Why otherwise put the accommodation in there?

MR BIZOS : Because "and" can be either conjunctive or disjunctive. Having obtained accommodation elsewhere it has(10) become necessary to travel and "has" the singular verb with two objects mentioned in the sentence beforehand.

MNR. JACOBS : Ek het klaar aan hom gestel en hy het sy antwoord klaar gegee. Het u ooit enige vergaderings bygewoon wat georganiseer was deur UDF of enige van sy - saam met enige van sy geaffilieerdes? -- Bedoel u in die loop van hierdie tyd?

Dit is reg?

HOF : In watter tyd? Ons weet hy was by die VCA stigtingsvergadering. (20)

MNR. JACOBS : 1983 tot en met die tyd van u arrestasie? Sê van die stigting van UDF af in Augustus 1983 tot en met jou arrestasie? -- Ja, wat het toe gebeur? Wat was u vraag met betrekking tot dit?

Het u moeilikheid om die tolk te verstaan, want n hele paar keer het u al vir my daardie ding teruggegee as ek vir jou n baie duidelike vraag gevra het? -- Nee, ons verstaan mekaar. Al wat ek hier doen is, ek vra u om die vraag te herhaal.

Goed, as u dit vir my vra kan ek dit verstaan. Ek (30)

vra/...

vra of jy enige vergadering wat deur UDF - kom ek sal hom dan vir jou makliker maak, deur UDF georganiseer was en daarmee bedoel ek massavergaderings, openbare vergaderings georganiseer deur UDF bygewoon in hierdie tydperk wat ek vir jou gegee het van 20 Augustus 1983 tot en met jou arrestasie?

HOF : Vergaderings georganiseer deur UDF. U het nou die geaffilieerdes weggelaat?

MNR. JACOBS : Ek sal hulle altwee vat. Om hom dan nie te verwar nie, dan gaan ek hulle saam vat? -- Ek kan nie onthou nie. (10)

Hoekom kan jy nie onthou nie? As h mens h vergadering bygewoon het wat georganiseer was deur UDF dan sal jy mos weet? h Massa vergadering, h openbare vergadering? -- Ek weet nie, ek kan nie onthou dat ek so h vergadering bygewoon het nie.

Het jy ooit vergaderings in Khotso Huis bygewoon, openbare vergaderings? -- Ja, ek het myself op h stadium by so h vergadering gevind.

Watter vergadering is dit wat jy bygewoon het in Khotso Huis, h openbare vergadering? -- Ek het nog nie klaar geant-(20) woord nie.

Ekskuus, ek is jammer. -- Maar dit was nie h UDF vergadering gewees nie.

Wat se vergadering het jy bygewoon in Khotso House wat h openbare vergadering was? -- Dit was h herdenkingsdiens van kinders wat oorlede was te Ngoye.

Is dit die enigste een wat jy bygewoon het? -- Wat ek nog goed kan onthou.

Die herdenkingsdiens, wil ek aan jou stel, is georganiseer deur UDF en AZASO gesamentlik? -- Ek weet nie. (30)

En/...

En dit was 'n protesvergadering gewees ten aansien van die studente wat gesterf het in Ngoye Universiteit? -- Ek weet nie. Al wat ek van weet is, dit was 'n herdenkingsdiens omtrent kinders wat oorlede is.

Dit is wat ek aan jou stel. Jy is verkeerd, dit is nie 'n herdenkingsdiens nie, dit was 'n protesvergadering gewees gehou op 29 Oktober 1983 in Khotso House? -- Ek weet nie, ek is nie die persoon wat te doene gehad het met die organisering daarvan nie. Wat ek wel van weet was dat dit 'n herdenkingsdiens was vir die kinders wat in Ngoye oorlede(10) is.

HOF : Verstaan u onder herdenkingsdiens 'n herdenkingsdiens wat jaarliks plaasvind om 'n besondere datum te herdenk? -- Ja, dit is een van die maniere waarop ek dit verstaan. Daar is ook 'n ander manier wat ek aan die Hof kan verduidelik hoe ek dit nog verstaan. Die ander manier waarop ek dit verstaan waar dit van toepassing is is die volgende. Byvoorbeeld, 'n persoon is in die Witwatersrand oorlede en hy word iewers in die Transkei begrawe. Dan word daar 'n diens gehou wat beskryf word as 'n herdenkingsdiens in die sin dat daar(20) 'n diens gehou gaan word, dit is die "memorial service".

En dit is dan waar gehou? In die Transkei of in die Witwatersrand? -- Wat ek sê is dat mense wat nie in staat is om die begrafnis by te woon in die Transkei nie, wat dan in die Witwatersrand is en in staat is om hierdie diens by te woon, sal daardie diens hou.

MNR. JACOBS : Die mense wat in Ngoye Universiteit oorlede is, was mense van Natal gewees. Is dit reg? -- Nee, ek is nie daarvan seker of dit nou mense van Natal was alleen of Zoeloeland nie. Ek het nie die feite nie. (30)

Jy/...

K788.60

- 12 919 -

MOSELANE

Jy het hulle ook nie geken wat oorlede is nie? -- Nee,  
ek ken hulle nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 24 JUNIE 1987.

## **DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### **PUBLISHER:**

*Publisher:*- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

*Location:*- Johannesburg

©2009

### **LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### **DOCUMENT DETAILS:**

*Document ID:*- AK2117-I2-12-242

*Document Title:*- Vol 242 p 12843-12919. Witness: Moselane